

# Is Y'shua God?

As gevolg van die tradisie waarmee die gemiddelde Christen grootgeword het, het baie leuens saam met die tradisie gekom. Meeste van hierdie leuens is uit die Rooms-Katolieke Kerk, die moederkerk waarvan Protestantisme veronderstel was om weg te breek. Daar het egter meer Katoliek in die Protestantse kerk saamgetrek as wat weggegooi is. Een van hierdie leringe is die drie-enige God.

Ons wil met hierdie skrywe die vertroude uitspraak dat die leser self Skrif deeglik sal bestudeer en besef hoe die Christen week na week van kansels af belieg word – die drie-eenheid, God se Wet, feeste en Shabbat wat afgeskaf is en baie meer.

Polemiek het ontstaan as gevolg van die vertaling in PWL (padlewe.ch) van Yesha'yahu (Jesaja) 9:6  
**Yes 9:6** want 'n jong Seun is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) word genoem: Wonderlike Raadgewer, **Magtige Krygsman**, Ewige Prins van Vrede.

Waar die PWL die woorde “Magtige Krygsman” gebruik, maak ander vertalings gebruik van woorde soos “Sterke God” (AOV53) en “The mighty God” (KJV).

Hier onder is die Hebreeus met die spesifieke woorde in rooi gemerk:

וְיָנוּחַ יְלִידוֹ בְּעַלְיוֹתָיו וְיָנוּחַ יְלִידוֹ בְּעַלְיוֹתָיו וְיָנוּחַ יְלִידוֹ בְּעַלְיוֹתָיו וְיָנוּחַ יְלִידוֹ בְּעַלְיוֹתָיו  
will rest יְלִידוֹ is given unto us a son בְּעַלְיוֹתָיו is born For unto us a child For Isa 9:6  
Wonderful פְּלִאָה and his name שְׁמוֹ shall be called יְיָקִיָּא shall be upon his shoulder שְׁכֻמּוֹ on עַלְיוֹתָיו and the government  
of Peace שְׁלוֹם The Prince שֶׁרָר The everlasting אָבִי־עַד The mighty גִּבּוֹר God אֱלֹהִים Counsellor יוֹעֵץ

## גִּבּוֹר The mighty: Transliteration: gib·Bor,

H1368 (Mickelson's Enhanced Strong's Dictionaries of the Greek and Hebrew Testaments)

H1368 גִּבּוֹר **gibbowr** (ghib-bore') *adj.*

גִּבּוֹר **gibbor** (ghib-bore') [shortened]

1. **powerful.**
2. *(by implication)* **a warrior, tyrant.**

[intensive from the same as H1397]

KJV: champion, chief, X excel, giant, man, mighty (man, one), strong (man), valiant man.

Root(s): H1397

Terwyl sommige volgelingen van Y'shua dit daagliks doen, sing of bid almal ten minste elke Shabbat, tydens byeenkomste die Sh'ma uit Deuteronomium 6:4 dat God **Een** is – nie die Roomse leuen van “een van die ‘trinity’ nie” nie. Y'shua is dus nie God nie, want Hy leer ons in Mat. 6:9 dat ons nie tot Hom moet bid nie, maar tot (ons) Vader. Ook in Mat. 19:17, Mar. 10:18 en Luk. 18:19: Yeshua sê vir hom: “Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie, behalwe net Een, God. Y'shua self leer in **Mar 12:29** Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons

God, יהוה is een' (nie een wat uit drie dele bestaan nie).

Y'shua is die Seun van God: Mat. 14:33; Mat. 16:16; Mat. 26:63-64; Mat. 3:17; Kol. 1:13. Let veral op die woorde in vers 64: "sal julle die **Seun van die mens** sien sit aan die regterhand van Krag"

**Yog 13:31** Toe hy uit was, sê Yeshua: "Nou is die Seun van die mens vereer en geloof en God is in Hom vereer en geloof. Vergelyk ook Yog. 12:28

Vergelyk ook Yog. 12:49, 8:54, 8:42, 8:16, 8:28, 7:28. Een van die belangrikste verse: **Mat 27:46** en omtrent die negende uur het Yeshua met 'n harde stem uitgeroep en gesê: "My Magtige God! My Magtige God! Waarom spaar U my nog (duur dit voort)?"

Uit die TaNaKh: **Spr 30:4** Vertel my: Wie het opgegaan na die hemel en afgekom? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n doek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en wat is die Naam (Karakter en Outoriteit) van Sy Seun, as jy weet? Hier is twee afsonderlike entiteite ter sprake.

Y'shua kan niks uit Sy eie doen nie, maar is deur God-Die-Vader gestuur en ook totaal afhanklik van Hom:

**Yog 5:36** maar Ek het 'n groter getuigenis as dié van Yoganan, want die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, die werke wat Ek doen, getuig self van My dat die Vader My gestuur het.

**Yog 7:16** Yeshua antwoord en sê: "Wat Ek leer is nie van My af nie, maar van Hom wat My gestuur het.

**Yog 5:19** Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: die Seun kan niks uit Sy eie wil doen nie behalwe wat Hy die Vader sien doen, want die dinge wat die Vader doen, dit doen die Seun ook, net soos Hy,

**Yog 5:30** Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig omdat Ek nie My wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

Y'shua doen en sê slegs wat God vir Hom sê:

**Yog 8:28b** "...en dat Ek niks doen vir My eie plesier nie, maar net dit wat My Vader My geleer het, dit sê Ek.

**Yog 14:31** maar die wêreld moet leer dat Ek My Vader lief het en presies doen soos die Vader My beveel het; staan op sodat ons hiervandaan kan weggaan."

Ten spyte van hierdie feite, besit Y'shua al die Goddelike eienskappe in 'n menslike liggaam:

**Kol 2:9** want in Hom bly die hele volheid van wat God is gesamentlik

Al hierdie eienskappe van Y'shua word volledig beskryf:

**Kol 1:15** Hy, wat die afbeelding is van die onsigbare God, die Eersgeborene van alles wat geskep is.

**Heb 1:3** want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte).

**Yog 1:18** Niemand het God nog ooit gesien nie, maar die enigste Uniekgeborene van God, wat aan die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

Y'shua is die Seun van God wat bestaan het voordat Hy mens geword het. Hy het afgedaal vanuit die hemel: **Mikah 5:2** Wat jou egter betref, Beit-Legem Efrat, klein onder die families van Y'udah, vanuit jou sal daar vir My Een uitgaan om Heerser in Yisra'el te wees. Hy het reeds lank terug uitgegaan, vanaf die dae van die ewigheid;”

God het alles geskep deur Sy Seun (Yog. 1:1-3; Kol. 1:16-17; Heb. 1:2). Vader is die Bron van Skepping, maar die Seun het alles geskep en onderhou ook alles: **Heb 1:3** want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese **en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag**. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte).

Y'shua se woorde: **Open 1:17** Toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, want Ek is die Eerste en die Finale **18** en die Lewende en **Ek was dood** en let op, Ek leef vir tydlose ewigheid. Dit is waar. Ek het die sleutels van Sh'ol en van die dood. God kan nie doodgaan nie: **Deut 32:39** Sien nou, Ek Is Hy en daar is geen god naas My nie. Dit is Ek wat doodmaak en lewe gee. Ek het gewond en dit is Ek wat genees en daar is niemand wat uit My hand kan red nie. **40** Inderdaad, Ek lig My hand op na die hemele en sê: ‘So waar as wat Ek ewig leef,

Indien Y'shua God sou wees, sou ons nie die monoteïstiese geloof beoefen waarop ons roem nie, maar dieselfde fout(e) gemaak het as ander godsdienste wat meer as een God aanbid - politeïsme. Ons moet ook nie met ons beperkte, menslike verstand God se almag probeer verstaan nie – net soos in die geestelike realm daar baie dinge is wat ons mis. Y'shua moet eerbiedig word, maar nie aanbid word nie – slegs God word aanbid. Hy is en bly egter steeds die Gesalfde Een:

**Mat 16:16** Shim'on Kefa antwoord en sê: “U is die Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”

**Mat 16:20** Toe het Hy vir Sy studentevolginge bevel gegee dat hulle vir niemand mag sê dat Hy die Gesalfde Een is nie.

Menige ander verse bevestig bogenoemde.

Ten slotte, moontlik die belangrikste: sonder Y'shua kan niemand gered word nie. Dit sluit in Moslem, Rabbiniese Jood, Christen en ateïs. Slegs deur die Bloed van die Lam, Y'shua, word ons gered:

**1 Yog 1:7** maar as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, reinig ons van al ons sondes.

**1 Kefa (Petrus) 2:24** Hy het al ons sondes in Sy liggaam op die kruishout opgelig en as ons dood is aan sondes, sal ons in Sy onpartydige opregtheid lewe. Deur Sy wonde is julle gesond gemaak,

**Efe 1:7** want in Hom is daar vir ons vrypraak en deur Sy bloed die vergifnis van sondes volgens die rykdom van Sy onverdiende guns,

God-Die-Vader gee vir ons in liefde Sy Seun, Y'shua, die Verlossing. Hy is die Gesalfde Een en kom as Krygsman om af te reken met die vyand.

Hein Zentgraf

[zentie.hr@gmail.com](mailto:zentie.hr@gmail.com)

6 Adar 5778/21 Februarie 2018